# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS. WAAR JY IS

Welkom by 2026!  Ons is gereed om hierdie jaar kreatief te wees met ‘n nuwe Jaartema “*Leef & Beweeg*”.  Dit beteken dat jy vernuwend en met vrymoedigheid, sigbaar moet leef en beweeg.  Dit spreek van passie, voluit lewe, oorgawe, dapperheid, vertroue, gedissiplineerd, aktief.

*Wat is jou woord vir die jaar?*

Myne is BOLD.
B(B)eweeg  O(O)nbeperk.
L(L)eef  D(D)apper.

In Afrikaans verwys dit na vrymoedigheid, dapperheid, selfvertroue, vreesloosheid. Vir die volgende twee weke gaan ons kyk na ‘n teksvers wat jou uitnooi om so te leef!

Lees **Hebreërs 4:16** drie maal deur.  Onderstreep die woorde wat vir jou uitstaan. Wat beteken dit vir jou?

HEBREERS 4:16

'LAAT ONS DAN MET VRYMOEDIGHEID DIE TROON VAN GENADE NADER, SODAT ONS ONTFERMING EN GENADE KAN ONTVANG OM OP DIE REGTE TYD GEHELP TE WORD.'

# STAAN OP EN GAAN.

HEBREERS 4:16



*Watter stoel is jou gunsteling? Is dit ‘n kampstoel? Kantoorstoel? Tuinbankie? Wiegstoel? Sitkamerbank?*

Die eerste woorde van vers 16 begin met “**Laat ons dan…nader**”. Dis ‘n uitnodiging om na die troon van God te gaan – om te beweeg uit die plek waar jy jou tans bevind. Met watter stoel jy ookal gemaklik geraak het, Jesus nooi jou om te “kom en sien” wat Hy wil doen en hoe Hy jou wil beweeg.
Dalk is jy vasgevang in die ou jaar se dinge. Dalk is jy skaam en kruip jy weg in die agterste banke. Dalk is dit vir jou moeilik om die wêreld in die gesig te staar. Dalk is jou wonderlike nuwe werk net ‘n masker wat jou keer om God werklik in jou lewe toe te laat. Dalk was jy regtig op ‘n verkeerde plek gister, of net in jou gedagtes.

Staan op – beweeg – laat ons dan gaan!



LET'S GO!

*Wat dink jy het jou gemaksone geraak? Wat is dit wat jy moet agterlaat en waarop jy sit?*

Hebreers nooi ons nie net uit om dit te laat vaar nie en daarvan bevry te word nie, maar om dit na die Here toe te neem.

Kyk na die apie in die prentjie. Mense is gemaak om te beweeg – regop te loop en te staan. Ons is nie gemaak om vir lank te sit nie (vra maar jou chiropraktisyn of fisioterapeut!). In die Bybelse tyd het hulle waarskynlik nie stoele gehad soos waarop ons nou sit nie. Hulle het of gelê of geloop.

Die Here nooi jou uit om na Hom toe te kom nes jy is. Wees eerlik genoeg met jouself om te erken wie jy is – ons is almal sondaars in nood van liefde en genade.



BOLDNESS – Vrymoedigheid – beteken VRY en MOED moet mekaar ontmoet.  Jy moet bevry word van jou eie ek, jou skuld, jou skaamte, jou ego… En toelaat dat Goddelike moed jou vul.

In Lukas 7 was ‘n prostituut Jesus se voete en salf hom in die huis van Simon, ‘n gesiene wetsgeleerde.  Simon het presies geweet wie Jesus is en hoe om Jesus as ‘n gas in sy huis te ontvang – skottel, lap, olie.  Hy het dit nie gedoen nie, want dit was nie nodig nie – almal het hom respekteer en hy was te gemaklik.

Maria, daarenteen, het van Jesus gehoor en kon nie anders as om die rituele te volg wat gepas was nie, want sy wou aan Hom die nodige respek en eer betoon, al moes sy haar hare gebruik om af te vee omdat daar nie ‘n handdoek was nie.  *Vir wie berispe Jesus en aan wie betoon Hy liefde en genade?*

*Wie van hierdie twee karakters is jy?  Die gerespekteerde godsman/vrou met wie dit goed gaan in die lewe, met 'n mooi huis en belangrike gaste wat jy daar kan ontvang? Of die slegte vrou wat liefde en genade van Jesus ontvang het?*
*Wie van hierdie twee karakters sou jy graag wou wees?*


As jy eerlik is… Beide.  Ons wil hê dit moet goedgaan met ons, en ons wil liefde en genade ontvang.  Maar nie ten koste van onsself nie.  Ons wil nie stukkend en broos na die Here toe kom nie, ons wil gesiene en geseend wees sonder eerlikheid en opregtigheid.

Wees hierdie jaar dapper genoeg om van jou gemakstoel af op te staan en te kom ervaar wie Jesus is en hoe Hy jou kan verhef.

**Lees Matteus 5:3.**  Jesus het ‘n baie bekende preek op ‘n berg gedoen.  Die berg langs die see van Galilea was eintlik ‘n baie gevaarlike plek waar skelms weggekruip het.  Dit was baie “bold” van Jesus om juis daar die mense te leer van Sy verkeerdom koninkryk.  Hy het hulle op ‘n ongemaklike plek gebring waar hulle nie in beheer was nie, sodat hulle juis kon begryp wat Hy wou sê.
*Wat beteken hierdie vers vir jou vandag?  Watter ongemaklike plek wil die Here jou dalk ontmoet?  En hoe dink jy gaan Hy jou daarvandan skuif?*

'“GELUKKIG IS DIE ARMES VAN GEES (DIE WAT WEET HOE AFHANKLIK HULLE VAN DIE HERE IS), WANT AAN HULLE BEHOORT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE. '

MATTEUS 5:3


WHO
IS
JESUS

Het jy Hom al so beleef in jou lewe?  Het Jesus al vir jou ‘n werklikheid geword wat maak dat jy agter Hom wil aangaan, aanhardloop?

*Bespreek met mekaar wanneer Jesus vir jou ‘n werklikheid geword het…*

- Dalk was dit toe jy jou kind aan die dood moes afstaan…
- Dalk was dit toe jy met fase 4 kanker gediagnoseer is…
- Dalk was dit toe jy jou eggenoot in ‘n buite-egtelike verhouding betrap het…
- Dalk was dit toe die polise by jou huis opgedaag het…
- Dalk was dit die dag toe jy amper jou eie lewe geneem het omdat jy nie meer kans gesien het vir die lewe nie…
- Dalk was dit die dag toe jy beheer oorgegee het en besef het al het niemand my meer lief nie, aanvaar God jou nes jy is…



# REFLEKSIE:

## JESUS HET VIR MY ‘N WERKLIKHEID GEWORD TOE...

*Stuur hierdie week die antwoord op hierdie vraag vir jou man of vrou, jou vriend, jou kollega, die leraar, jou kleingroepleier…*

As jy genadiglik nog nie so ‘n laagte in jou lewe beleef het nie, wil ek jou uitnooi om op daardie afhanklike laagtepunt van jouself te kom – uit vrye wil – sodat jy jou afhanklikheid in Jesus kan besef en beleef.  Dis ‘n daaglike keuse!

Klim van jou troon (of mishoop) af vandag nog en laat ons dan met vrymoedigheid na God gaan!

'TOE HET HY VIR ALMAL GESÊ: “AS IEMAND MY WIL NAVOLG, MOET HY HOMSELF VERLOËN, EN ELKE DAG SY KRUIS OPNEEM EN MY VOLG; WANT WIE SY LEWE WIL RED, SAL DIT VERLOOR, MAAR WIE SY LEWE TER WILLE VAN MY VERLOOR, SAL DIT RED. '

LUKAS 9:23-24



GEBED:

- *Here, dankie dat U my aanvaar net soos wat ek is – stukkend, skuldig en skaam!*
- *Here, dankie vir U uitnodiging om agter U aan te loop en heel te word!*
- *Here, gee my die nederigheid om na U te kom en die vrymoedigheid om op te staan en die wêreld met selfvertroue en vertroue in die Here in die gesig te staar.*

*AMEN.*